

1. DIE TWEDE HELFTE VAN DIE SEWENTIENDE EEU (1652—1700)

Ons wil aanneem dat die sprekers van die verskillende Nederlandse dialekte ten tyde van die nedersetting om die Kasteel aan Tafelbaai vroeg genoodsaak was om 'n soort algemene taalnorm te vind. Dit moes al trouens voor en op die seereis 'n aanvang geneem het.

Die eerste amptenare, soldate en koloniste kom in hoofsaak uit Nederland self, veral uit die hawestede en kusgebiede. Die Frankiese element het wat getalle betref oorheers, en hulle sal die toon aangegee het. Diegene uit ander dialektgebiede sal wel heelwat sterk afwykende taaleienaardighede prysgegee het ter wille van die praktiese eis om goed verstaanbaar te wees.

Die nedersetting was drie en dertig jaar oud toe in 1685 'n hoë gas drie maande lank aan die Kaap vertoef en 'n grondige ondersoek na plaaslike toestande ingestel het. Hy was Kommissaris-generaal H. A. van Rheede, wat in sy *Journal* (bl. 56-57) o.m. die volgende oor die taalaangeleenthede van die blankes aan die begin van Simon van der Stel se bestuur sê:

„Het is seker dat als men haer (die Hottentotte) sal oordeelen aan dat uyerlijke, niets goets kan werden gegist, maer hebbende een grondigh onderwijs van haer leven en gedachten men haer anders sal bevinden, 't welck niemand hebben kan dan die haer taele verstaet en sprekende door vragen en antwoorden eerst bequaem soude wesen dat volck te kunnen recht beschrijven, hoedanige aen de Caep onder d'Ed. Compagnie niemand is. Hier is een gewoonten onder al ons volck dat lerende dese inlanders de Nederduydsche

spraak en dat deselve die op haer manieren seer krom en bij nae onverstandelyk spreken, soo volgen de onse haer daer in nae, ja sodanigh de kinderen van onse Nederlanders haer dat mede aanwendende een gebroken spraek gefondeert werd die onmogelyck sal wesen nae de hand te verwinnen, veel min onder de hottentots de Duydsche tale in te voeren, daar het deselve niet en gebreekt aan bequaemheyt, sprekende alle woorden prompt uyt, sonder eenigh gebreck, indien men haer die wel voorsegt, waar omtrent wel noodigh was meer agt geslaegen wiert . . .”

Van Rheede is bekommerd oor die kromtaal van die Hottentotte. Hy bevind dat hulle Nederlands wel goed en korrek *kan* praat as die woorde mooi vir hulle voorgesê word. Nou geskied dit nie, met die gevolg dat hulle Nederlands sleg gebruik en dit waarskynlik nooit suiwer sal aanleer nie. Wat veral onrusbarend is, is dat die taalverbastering ook die blankes aangetas het, en bowenal dat die kinders van die blankes dit tot so 'n mate oorneem dat die fondament vir 'n blywende taalverwilderings gelê word.

Prof. Blommaert wat die eerste die aandag op die sitaat gevestig het (*Die Huisgenoot*, Sept. 1921, bl. 175-176), merk aan dat J. W. de Grevenbroeck wel kennis van Hottentots in daardie tyd gehad het.

Die uitspraak is baie belangrik, komende van 'n deeglike kenner van Nederlands, van iemand wat die bevoegdheid gehad het om 'n oordeel te vel. Ons kan die gebrekkige taalvorm natuurlik nog nie Afrikaans noem nie. Dit is Nederlands wat in 1685 sterk onder die invloed van die kromtaal van nie-Nederlanders kom, hier van die Hottentotte. Die afwykinge sal wel veral op die grammatika betrekking hê.

Die inwerking van die gebroke taal waarvan hier sprake is en wat gedurende die tweede geslag onder die koloniste aktief begin word het, moes aan krag toegeneem

het; die Hottentotte het die taal van die blankes meer en meer leer praat en dit plek-plek ook as hul eie aanvaar. Dit het die gouste gebeur by diegene wat tussen die blankes gewoon het en hul oorspronklike taal, volgens Dapper so onwelluidend en moeilik leerbaar, vir hul krom „Hotnot-Hollands” verruil het.

Hierby kom nog, veral sedert 1658, die krom Nederlands van die slawe en die onvastighede van die Nederlandssprekende Franse Hugenate en die Duitse aankomelinge.

Die betekenis van die taalwysiginge sal waarskynlik die duidelikste blyk onder die vryburgers op die „plattelande,” en die minste onder die amptenare wat heelwat later van Europa gekom het.

2. DIE EERSTE HELFTE VAN DIE AGTIENDE EEU (1700—1750)

Ook in hierdie tydvak is direkte uitsprake oor die kolonistetaal skaars en vaag. Die belangrikste is seker die van die Duitse soldaat, „Houtschrijver” en huis-onderwyser Otto Friedrich Mentzel (1709-1801), wat ag jaar aan die Kaap vertoef het en, na hy ons self meedeel, twee daarvan op die „platten lande” deurgebring het. Op 3 Januarie 1741 het hy van Kaapstad na Europa vertrek, het ongeveer 'n jaar in Amsterdam gebly en is toe na Silesië.

Nadat hy ongeveer vier-en-veertig jaar uit Afrika was, het hy die eerste deel van sy belangrike *Beschreibung des Vorgebirges der Kap der Guten Hoffnung* in Glogau laat verskyn (1785), die tweede deel twee jaar later (1787). Hy was toe ag-en-sewentig jaar oud.¹⁾

Sy indruk van die blankes se taal op die platteland gee hy in die volgende woorde weer (ek vertaal):

„Die taal van die landsliede (boere) is egter net so min 'n suiwer Nederlandse tongval as wat die Duitse boere suiwer Duits praat. Die mansmense „neem die mond baie vol” (?), en die vroumense het vir hulle wendinge toegeëien wat soms baie belaglik is. By voorbeeld. Vra iemand miskien of hulle geen Bybel het nie, dan volg die antwoord: *Onz heeft geen Bibel . . .* Wanneer 'n mens hulle dan vra: *Hoeveel onse gaan op 'n pond? dan word hulle rooi van skaamte.*”

¹⁾ Enige lewensbesonderhede in *Die Brandwag*, Okt. 1819 en V.R.V., deel VI, bl. 7-15.

Die gebruik van *ons* vir *wij* deur die vrouens vind Mentzel net so belaglik as bv. in die geval van 'n Engelman as hy moes hoor „Us has no Bible.”

Vir ons doel is dit van belang om op te merk: 1. Dat kenmerkende Afrikaonse neiginge reeds voor 1750 in die taal van die blanke „buyten lieden” aangetref word. 2. Dat Mentzel, wat 'n groot waarheidsliefde openbaar en daarom 'n bstryder van die onwaarhede is soos hy dit by Kolbe, De la Caille e.a. opgemerk het, 'n sterk afkeurende oordeel uitspreek oor 'n tipiese, van Nederlands (en Duits) afwykende eienaardigheid van ons taal. 3. Dat die veroordeling daarop berus dat die neiginge grammatikaal „verkeerd” is, vergeleke met amptelike Nederlands.

Uit hierdie houding spruit dan later heel begryplik die veroordeling van taal en sprekers as agterlik, ongeleerd, verbaster, verwilder, ens. Dit is 'n heel gewone, en in 'n bepaalde sin natuurlike houding wat nie net hier aangetref sal word nie, maar orals op die wêreld en te alle tye wanneer soortgelyke omstandighede van taal-differensiasie hulle begin voordoën en dreig om die „gevestigde” harmonie te versteur. Dit gebeur vandag bv. in Amerika en China.

3. DIE TWEEDE HELFTE VAN DIE AGTIENDE EEU (1750—1800)

Hoewel die getal reis- en landbeskrywings sterk toeneem,¹⁾ bly regstreekse getuienisse in hierdie tydvak nog steeds afwesig, sover ek daarin gelees het.

Van meer waarde is o.a. twee onregstreekse aanduidinge. Die aantekeninge van die gedroste Sweed en Kompanjiesdienaar H. J. Wikar²⁾ is geskryf in 'n taal wat sydelings bevestiging bring dat Afrikaans al ver moes ontwikkel het op die weg na 'n selfstandige karakter. Dit vertel van Wikar se omswerwinge tussen die Namakwas langs die benedeloop van die Oranjerivier in die jare 1775 tot 1779.

Die tweede is 'n spotlied.³⁾

'n Onbekende digter wil die „Swellendamsche en diverse andere helden” belaglik maak: Hulle het so groot gepraat hoe hulle die invallende Engelse te lyf sal gaan, maar toe die eerste bom tussen hulle bars, vlug hulle van die „bloedige actie” af weg, huis toe. Tegelykertyd gee die digter hulle taal aan die spotlus prys. Die lied wil blykbaar bewustelik 'n benadering van hul „verkeerde” spraakgebruik voorhou as iets wat eweveel veragting verdien as hul lafhartige optrede in die „slag” van 7 Augustus 1795. Hier is dus andermaal die standpunt van veroordeling van die plattelandstaal wat inmiddels in 'n belangrike mate afwyk van offisiële Nederlands.

1) Theal, III, p. 364-406.

2) V.R.V., deel XV.

3) P.V., deel VI, bl. 1. *Lied ter ere van de Swellendamsche en Diverse Ander Helden.*

Na die slag van 1795 waarop bogenoemde anonieme gedig betrekking het, kon die Britte die Kaap in besit neem. Ons kry nou, teen die uitgang van die eeu, ook heelwat meer uitlatings oor die taalaangeleenthede, mede van Engelse kant belig. Tot die vernaamste hiervan moet ons die van John Barrow reken. Van sy werke is een in Nederlands vertaal.⁴⁾ Hy het belangrike betrekkings aan die Kaap beklee. In Mei 1797 het hy hier aangekom as een van lord Macartney se privaatsekretarisse, en is daarna tot Ouditeur-generaal benoem. Na sy huwelik met 'n Afrikaanse meisie, Anna Maria Truter, is hy in 1798 terug.

Hy het verskeie reise na die binneland onderneem, o.a. na Graaff-Reinet, sodat hy dikwels met die Afrikaners in aanraking was. Vir hulle het hy nooit 'n goeie woord gehad nie. Oor hulle taal sê hy op een plek (in die Nederlandse vertaling, bl. 214 van deel I):

„De meeste boeren, in de afgelegen landstreken, spreken niet alleen die taal (van die Hottentotte), maar zijn er zelfs zoo aan gewoon, dat zij dezelfde onder hun eigen spraak vermengen, en die ook op de Hottentotsche manier uitspreken.”

Persoonlike bevoegdheid het die Hollands-onkundige Barrow seker nie besit om so 'n uitspraak te gee nie. Sy houding van onwil en wrewel is egter duidelik. Oor die Hottentotte sê ons straks iets meer.

⁴⁾ *Reizen in de Binnenlanden van het Zuidelijk Gedeelte van Afrika in die Jaren 1797 en 1798, Haarlem 1803; 2 dele.*

4. DIE BEGIN VAN DIE NEGENTIENDE EEU

(a) *Die Bataafse Republiek voer weer die Bewind.*

Kaptein Benjamin Stout wat met sy skip van Bengalen op weg na Londen was maar aan die Kaffrariese kus gestrand het net nadat die Kaap in Engelse hande oorgegaan het, sê dat hy dikwels met die koloniste oor hul nuwe meesters gesels het. „Upon the whole I conceived that a majority of the Colonists were still in favour of their old masters.”¹⁾ Daar was dus by hulle groot blydschap oor die teruggawe van die Kaap.

In hierdie tyd het ons 'n waardevolle land- en reisbeskrywing²⁾ uit die pen van M. K. Heinrich Lichtenstein, dokter in die medisyne en 'n ywerige natuurkundige. Hierdie Duitser het generaal Janssens as lyfarts en as die leermeester van sy seun na die Kaap vergesel, waar hulle op 23 Desember 1802 aangekom het. Hy het ook verskeie reise na die binneland meegemaak.

Oor die kolonistetaal kry ons by hom 'n paar indirekte mededelings.

Uit die Nederlandse vertaling³⁾ haal ek aan: „Een paar kloeke jonge knapen uit wier oogen kracht en genoeg straalde, vermaakten ons met aangename vertellingen hunner jagt- en reisavonturen, die zij, op eenen zeer vrolijken trant, in de korte, krachtige Afrikaansch-Hollandsche taal opsmeden” (I 182; in die Duitse teks I 149; in die Engelse teks V.R.V. X 116). Die seuns het hy die aand by veldkornet Van Wyk in die Hantam hoor gesels.

¹⁾ *Cape of Good Hope and its Dependencies*, Londen, 1820; bl. 138.

²⁾ *Reisen im Südlichen Afrika in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806*; Berlyn, 1811; 2 dele.

³⁾ *Deur W. Goede: Reizen in het Zuidelijke Gedeelte van Afrika . . .* Dordrecht, 1813.

Enigsins verder verduidelik hy dat name soos 'n *rug*, 'n *kop*, 'n *kraal* ens. deur die eerste koloniste gegee is om die begrippe gemakshalwe vir die onkundige Hotnots te konkretiseer, en vervolg:

„Langs dezen weg is er in deze zoodanige verarmde en bedorven spraak, aan welke alle aanduidingen van afgetrokkene begrippen vreemd zijn, en die nu de algemene taal der Colonisten geworden is, eene korthed en naïviteit van uitdrukking gekomen, die vaak aan het dichterlijke en aan de oosterse beeldspraak grenst, terwijl die haar in den beginne zelfs voor een geboren Hollander onverstaaubar maakt . . .” (I 263; Duitse teks I 214, en V.R.V. X 165 n.)

Hy sê van die gryse en blinde natuurkundige Auge van die distrik Swellendam dat hy sy Deense moedertaal byna heeltemal vergeet het en die „verbasterde („verstümmelte”) Hollandsch” van die koloniste praat. (Duitse teks II 224 en V.R.V. XI 170).

Oor die bestaan van groot afwykinge in die taal van die buitelandse distrikte kan daar nie meer twyfel wees nie. Dit is 'n kort, kragtige en verbasterde vorm van Hollands, 'n verarmde en bedorwe spraak, wat gekenmerk word deur korthed en naïviteit en in 1803-6 reeds algemeen deur die koloniste gebruik word, in teenstelling met die taal van die amptenare en geleerdes.

Die naïviteit het seker betrekking op die gees en toon, bv. soos dit in spreekwoorde en segswyses tot uitdrukking kom; die kragtigheid slaan waarskynlik op die seggensvermoë en beeldrykheid; waar hy oor verbastering en bedorwenheid praat, dink hy meer bepaaldelik aan die grammatika — soos *ons* vir *wij*, verwarring in die verbuiging en vervoeging, in die gebruik van *de-* en *bet-*woorde, ens.

Die afwykinge is in elk geval so groot dat die jong Lichtenstein van 'n aparte taal van die blankes praat, wat hy selfs as Afrikaansch-Hollandsch betitel, 'n taal in die

begin onverstaanbaar vir die gebore Nederlander. Hierdie taalvorm waardeer hy beurtelings gunstig en ongunstig: dit is kragtig maar arm, digterlik en beeldend maar naïef en bedorwe.

Lichtenstein vertel ons ook iets oor 'n ander soort Nederlands aan die Kaap.¹⁾

„In the Colony, and in the service of the Europeans, very few Hottentots are to be found who are not able to speak the Dutch language, or who speak their own language pure and entire. Most of them only retain some particular expressions, which are mingled with the Dutch, Portuguese and Malay languages, spoken by the slaves and common people, in the proportion of not more than a fourth part. On the borders alone are some Hottentots to be found who speak their own language; but among them several words are introduced, spoken with the Hottentot accent and snort . . .” (V.R.V. XI 463; Duitse teks II 603).

As 'n mens na die kaart kyk wat Lichtenstein voor deel II gee en waarin hy die gebied deur blankes bewoon, afbaken, en waarin die Hotnots dus hulle soort Hollands praat, sal die betekenis van die opmerking kan besef word. Maar hulle Afrikaans verskil van die van die blankes en ook van die van die slawe. Dit is besonder leersaam om na te gaan hoe hulle progressief hulle taal laat verdring het. Ons het 'n redelike beeld daarvan aan die hand van die getuienisse van Lancaster, Merklein, Dapper, Ten Rhijne, Kolbe, Le Vaillant, Van Plettenberg e.a.

Ons kan opsommenderwys en duidelikheidshalwe die vorme van Nederlands aan die Kaap omstreeks 1806 miskien as volg weergee:—

1. Suiwer Nederlands (bv. van genl. Janssens).

¹⁾ Ek het dit tot my spyt nie uit Nederlands ge-ekserpeer nie en gebruik nou die Engelse teks.

2. Burger-Afrikaans of Kaaps-Nederlands, soos gebruik in die aristokratiese burgerkringe van die Kaap en wat nog as Nederlands wil deurgaen.

3. Boere-Afrikaans, die algemene taal op die platte-land.

4. Hottentot-Afrikaans (vgl. Lichtenstein).

5. Slawe-Afrikaans, gebruik deur slawe en „common people” (Lichtenstein).

6. Vreemdelinge-Afrikaans (Kyk Burchell verder).

Ons kan die eerste vyf afdelings miskien so beskou: dat 1 en 2 naby mekaar staan, 4 en 5 die verste daarvan af en 3 in die middel. Boere-Afrikaans verteenwoordig heeltemal 'n ander trap as Hottentot- en slawe-Afrikaans en staan baie naby aan Nederlands.¹⁾ Aan die ander kant het dit kenmerkende afwykinge soos *ons vir wij*, verlies van sommige uitgange, ens. wat ook in Hottentot-Afrikaans karakteristiek is. Op grond van die ooreenkomste sal kwaadwillige persone dikwels opsetlik vergeet dat ons hier twee *aparte* vorme het en Boere-Afrikaans uitkryt as 'n Hotnotse taal. Andersyds sal welwillende of onpartydige opmerkers die onderskeid en verskil benadruk.

(b) *Die Britte Neem Opnuut Besit van die Kaap*

Die tweede en permanente inbesitname van die Kaap deur die Engelse het hulle die geleentheid gebied om hulle imperiale gedagtes ook hier te verwesenlik. Dit het belangstelling in die betekenis van die nuwe wingewes geprikkel, en ons sal 'n breë stroom literatuur oor land, flora, fauna en ingesetenes kry. Die moeilikheid met hulle uitsprake vir sover dit die taalaangeleentheid raak, is veral van tweërlei aard: eerstens, hul onbekendheid met Nederlands in al sy vorme en gevolglik hul onvermoë

¹⁾ P.V. VI.

om iets van werklike waarde op te merk. Meestal is die opmerkinge niksseggende vaaghede en algemeenhede, of word ingegee deur vooroordeel en vooringenomenheid.

In die tweede plek reis hulle nie meer as gaste in 'n vreemde land nie, maar as veroweraars en heersers wat behep is met 'n lastige selfingenomenheid, 'n besef van betewery. Die oog soek liewers die agterlikheid vergeleke by wat in „Home” en „Mother Country” gangbaar is, as die spesifiek-kenmerkende van die nuwe „aanwys.” Die aksent val op die andersheid eerder as op die tekenende.

So lees ons in *Notes on the Cape of Good Hope (made during an excursion in that Colony in the year 1820)*, (Londen, 1821): „An Englishman is reminded that he is not in his own country, by the white-washed houses, the want of pavement and flags in the streets, and a few other peculiarities.” (bl. 3).

In die selfbewustheid van hulle krag is die nuwe base egter besig om dinge langsamerhand om te vorm. Hulle verteenwoordig 'n nuwe gedagte, huldig 'n aparte ideologie, en skep alles dienooreenkomstig om. In dieselfde boek lees ons op bl. 102: „The English follow precisely the same mode of life as at home: dine late, go to bed late, get up late, drink port wine and bottled stout, wear narrow-brimmed hats, and walk in the noonday sun. *This attachment and close adberance to national habits, in defiance and contempt of all local customs, is characteristic of the English wherever they are found.*” (My kursivering).

Een van die beste en mees onbevooroordeelde skrywers is William J. Burchell, wat vier jaar in ons land rondgereis en tot by Lattakoo (Kuruman) gekom het. In November 1810 het hy hier aangekom en dadelik die nodige voorbereidsels vir sy wetenskaplike ondersoekingstog getref, „besides which a knowledge and proper pronounciation of the Dutch language according to the Cape dialect and even

according to the corrupt dialect of the Hottentots, was not among the least preparations for a journey of research in this part of Africa."¹)

Hier is ook weer sprake van *twee vorme* van Afrikaans, die Kaapse dialek van die Afrikaners en die dialek in gebruik by die Hottentotte.

Van meer belang vir ons is die mededelings van Nederlandse opmerkers, alleen daarom reeds dat hulle op grond van kennis van Nederlands bevoeg is om met gesag te praat. Waar Teenstra²) net vier maande in ons land was, vertel hy ons meer oor die binnelanders se taal as Burchell wat vier jaar hier verblyf gehad het.

In sy sesde brief, gedateer 2 Julie 1825, gee hy benewens algemene aantekeninge oor tipiese woorde en wendinge die eerste bekende Afrikaanse samespraak, waarin hy ons taal „in hare grootste afwijkingen . . . eenigermate . . . (wil) nabootsen.” Hoewel hy oor „taalfouten” praat, is sy oordeel nie ongunstig nie — dit is eerder of hy aangenaam verras is dat „Hollands” nog so algemeen en Engels so onbekend is, „eene vreemde taal.”

Ons kry van nou af heelwat tekste in Afrikaans self, meestal grappig bedoel. Jan Hennepikker klae in 1826 oor die lang adresname van veldkornette, en Grietje Geldenaar oor die skaarste aan kleingeld, waarom sy en ander al daaraan gedink het om „kooperdubbeltjes in twee en vier stukke te kappe.”³)

Einde 1827 het die „docent in 't frans” en „be-eedigd Interpreteur Translateur van het Hooge Geregts-hof,” J. G. Swaving, hier aangeland uit Nederland. Uit professor Franken se artikel⁴) oor hom skryf ek 'n para-

1) *Travels in the Interior of Southern Africa*, Londen, 1822; I bl. 19).

2) P.V. VI 2, en art. van Francken in *Die Huisgenoot* 1 Julie 1927.

3) P.V. VI, 6-8.

4) *Die Huisgenoot*, 1 Julie 1927, en lewensbesonderheid by dr. E. Conradie: *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika*, deel I (1934), 266-276.

graaf oor die taal van die Kapenaars oor, met byvoeging van die nommers vooraan:

„Swaving maak 'n drievoudige onderskeiding:

1. „Bastaard-Hollandsch” wat gepraat word deur boer, slaaf, Kaffer en Hottentot;

2. 'n Hollands gekontamineer deur hierdie baster-Hollands gepraat deur die Kaap se notabeles (ek noem dit Burger-Afrikaners); en

3. Suiwer Hollands, gepraat deur die wat in Nederland gebore of opgevoed is.”

Ook sê Swaving nog, volgens Francken se artikel: „Aan den anderen kant is en blijft het eene onbegrijpelijke zaak, hoe een taal, onder de van hetmoederland afgescheidene oorspronkelijke volksstammen, op zulk een erbarmelijke wijze geradbraakt, en als het ware geheel en al uit haar verband kan gerukt worden; waarbij dan nog komt, dat men hier het zonderlinge zwak heeft, om aan verscheidene woorden juist het tegenovergestelde, of ten minste gansch andere meeningen te hechten, dan bij ons te lande, bij voorbeeld de werkwoorden *kuijeren*, *krijgen*, enz., beteekenen hier *bezoeken*, *ontmoeten*, enz.; en behalve die menigte van verkeerde interpretatiën, van welke woorden ik bijna een boekje op zich self zou kunnen opstellen, komen daarbij dan nog eene menigte van zinnebeeldige vergelijkingen, van welke man de beteekenis onmogelijk kan uitvinden, ten zij men met die wezens van kindsbeen af heeft omgegaan.”¹⁾

Die laaste opmerking is 'n oordrywing, soos daar meer is. Goewerneur J. W. Janssens sê bv. aangaande een uitdrukking by Swaving: „En de Europeaanen *zijn niet lang hier* of zij neemen die spreekwijzen aan, om dat men spreekt om verstaan te worden.”²⁾ (My kursivering).

¹⁾ *Die Huisgenoot*, 1 Julie 1927.

²⁾ *Ibid.*

Swaving onderskei ook nie tussen Boere-Afrikaans en ander vorme soos in gebruik by die Hottentotte, slawe e.a. nie. Hy is baie misnoeg oor die afwykinge en veroordeel dit ten sterkste. Op een plek noem hy die Kaap „dit tweede land van Babel.” Verbastering, erbarmlike radbrakery, verkeerde interpretasies (waarvan hy 'n boek kan saamstel), is by hom dus gewone sleg-sê-terme vir die nuwe, deur hom verstote volkstaal wat nou in sy kinderskoene staan. Die omstandigheid dat die Kaapse burgerkringe betreklik suiwer maar gekontamineerde Nederlands praat en die opgevoedes vanuit Nederland die suiwer vorm, hou wel die gedagte reeds duidelik in dat Boere-Afrikaans die taal van gebrekkig-geskoolde of ongeleerde mense is, van verkeerd-praters uit onkunde. In bykans alle opsigte trek Afrikaans aan die kortste ent, behalwe dan dat dit 'n *lewende* taal is.

Swaving se uitsprake is vir ons veral insiggewend om die beklemtoning van die plek wat Nederlands omstreeks 1830 as werklike omgangstaal nog bekleed. Dit geld nog as die taal van beskawing en geleerdheid, dit sit op 'n hoë, nog onaantasbare troon waarvandaan dit op die plat taal neersien.

In deel 1 van die *Algemeen Noodwendig Woordenboek der Zamenleving, aanvankelijk saamgesteld door P. G. Witsen Geysbeek* (Amsterdam, 1836), kry ons by die woord *Kaap de Goede Hoop* nog iets leersaams oor die taaltoestande en die politieke droom onder die ingesetenes. Dit heet daar: „De beide heerschende talen zijn de Nederlandsche en de Engelsche, hoewel laatstgemelde zelden door de slaven en overige zwarten gesproken doch wel verstaan wordt, en meest in de Geregthoven en in het uitvaardigen van ordonnantiën, zoowel als in alle andere regeringsstukken gebruikt wordt. De Nederlandsche taal niettemin is nog ver achteruit, en wordt over het algemeen zeer slecht gesproken, dat meestendeels aan de slaven toe te schrijven is, aan welke de Kaapsche

jeugd zoo zeer is toevertrouwd . . ." Kinder- en slawe-
taal as omvormende faktore sal nog dikwels later genoem
word. Interessant is dat dit so vroeg opduik.

By ander voorbeelde van skriftelike gebruik van
Afrikaans, wat dieselfde feite net andermaal bevestig,
hoef ons seker nie stil te staan nie. 'n Nuwe mylpaal
bereik ons eers in 1844.